**Wes-Kaap Onderwysdepartement**

**Western Cape Education Department**

**ISebe leMfundo leNtshona Koloni**

# NASIONALE
# STRATEGIE VIR LEERDERPRESTASIE

**GRAAD 12**

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

VRAESTEL EEN

GEMEENSKAPLIKE VRAESTEL SEPTEMBER 2009

**PUNTE: 80**

TYD: 2 uur

***Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye***

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE AFDELINGS:

- AFDELING A: Leesbegrip (30 punte)
- AFDELING B: Opsomming (10 punte)
- AFDELING C: Taal ( 40 punte)

2. Lees ALLE instruksies noukeurig/sorgvuldig deur.
3. Beantwoord AL die vrae.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Trek 'n streep na elke afdeling.
6. Nommer elke antwoord presies soos wat die vrae op die vraestel genommer is.
7. Laat 'n reël oop na elke antwoord.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

# AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1: Tydskrifartikel

- Lees die onderstaande tydskrifartikel en beantwoord die vrae.




## Twitter, die in - plek om te kwetter

1. Oprah het dit onlangs ontdek, Jennifer Aniston het John Mayer daaroor afgesê en Barack Obama het dit gebruik om die veldtog om die Withuis te wen.

2. Dit klink of almal deesdae aan't Twitter is. Kan jy *tweet?* Nee, dit het niks te doen met sing soos 'n kanarie nie – dis die nuutste sosiale-netwerkgier waarby Suid-Afrikaners nou in groot getalle aansluit.

3. Elke *tweet* (boodskap) wat jy stuur, mag hoogstens 140 karakters lank wees. Dis maklik om vriende op die hoogte te hou van jou daaglikse doen en late, aanmerkings te maak oor glansmense se skandes of interessante inligting te verskaf. Al wat jy moet doen om te begin *tweet*, is om met jou rekenaar of selfoon (as dit internet-toegang het) aanlyn te gaan op die Twitter-webtuiste.

4. Maar Twitter is deesdae ook 'n belangrike manier om nuus in te win, en verbruikers deel meermale inligting oor groot gebeure op Twitter voor joernaliste op die toneel aankom.

5. Presies hoe doeltreffend Twitter is, het verlede jaar in die terroriste-aanvalle in Indië duidelik geword. Toeriste wat in hotelle in Moembaai vasgekeer was, het die wêreld deurentyd op die hoogte gehou en hul boodskappe het op van die wêreld se voorste TV-nuuskanale soos die Britse Sky News en die BBC verskyn.

6. Mense wat in verlede jaar se brande in Australië vermis was, is later gered omdat hulle boodskappe gestuur het om vir mense te sê waar hulle is. En toe 'n vliegtuig 'n noodlanding in die Hudsonrivier in New York uitgevoer het, het van die passasiers foto's gestuur nog voor die media opgedaag het.

7. Twitter is vinnig besig om Facebook in te haal as dié sosiale netwerk.

8. Die Amerikaanse sagteware-ingenieurs Evan Williams (34), Jack Dorset (32) en Biz Stone (34) het Twitter in 2006 begin en dit het vinnig gegroei. Hoewel hulle nie amptelike syfers bekendmaak nie, het Twitter al sowat ses miljoen gebruikers en duisende sluit elke dag aan.

Kopiereg Voorbehou 

9. Kenners sê dis die sosiale netwerk wat die vinnigste groei, en naas Facebook en MySpace die sosiale netwerk wat die meeste besoekers lok.

10. Die onderneming in San Francisco wat Twitter besit, is $250 miljoen (R2,2 biljoen) werd en Facebook se eienaars wou dit onlangs vir $500 miljoen (R4,4 biljoen) koop. Twitter se base het die aanbod van die hand gewys. Hulle glo hul onderneming gaan nog meer werd word – en met gebruikers soos Barack is hulle waarskynlik reg. Tydens sy veldtog het hy dikwels ge-*tweet* en so meer as enige vorige presidensiële kandidaat met mense gekommunikeer.

11. Suid-Afrikaanse politici soos Helen Zille en beamptes van die ANC en Cope het ook by Twitter aangesluit, maar was nie naastenby so aktief soos Barack nie. Politieke kenners sê die feit dat hy op die aanlyn-tuiste was, het 'n reuse rol gespeel om jong kiesers by die stembus te kry.

12. Maar daar is nie net jong mense op Twitter nie. Die deursnee-gebruiker van Twitter is 25 tot 54 jaar oud en mense tussen 25 en 34 sal waarskynlik meer Twitter-boodskappe stuur as dié in enige ander ouderdomsgroep, sê ComScore, 'n onderneming wat aanlyn-meningspeilings doen.

[**Verwerk uit: Huisgenoot, Mei 2009**]

**Woordeboekgebruik**

**veldtog** – stryd wat gevoer word in die guns van die een of ander persoon

**meningspeiling** - ondersoek na die stand of aard v.d. openbare mening oor 'n bepaalde saak

**afsê** - *ge-*. **1.** Afbestel, afdank. **2.** Nie aanneem nie. **3.** Laat weet dat iets op 'n vasgestelde tyd nie kan plaasvind nie. **4.** 'n Verlowing uitmaak; **afsêbrief.**

**aanmerkings** - **1.** Kritiek, afkeurende opmerking. **2.** Oorweging. **3.** (Die) maak van 'n merk; *in aanmerking KOM,* kans hê; *in aanmerking KOM vir pensioen,* die bevoegdheid verwerf het om 'n pensioen te ontvang; *in aanmerking NEEM,* rekening hou met; *UIT aanmerking van,* as rekening gehou word met; **..merkinkie.**1

**[Uit: HAT]**

1.1 Watter EEN woord in paragraaf 2 beskryf wat **Twitter** is? [1]

1.2 Watter antwoord pas NIE?

Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter neer.

'n Mens sal besluit om in te teken op **Twitter** as jy ...

A. daarvan hou om te skryf en lang boodskappe te stuur

B. kommentaar wil lewer oor belangrike mense se doen en late

C. mense wil inlig oor wat jy doen

D. interessante nuus of inligting wil verskaf en nuus ontvang [1]

1.3 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is:

Politici in ander lande maak ook gebruik van **Twitter** om steun te kry. [1]

1.4 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.3 in 'n volsin. [1]

1.5 Wat beteken die uitdrukking " op die hoogte te hou" in paragraaf 3? [1]

1.6 Watter woord in paragraaf 5 dui aan dat **Twitter** effektief is om inligting oor groot gebeure te versprei voor joernaliste op die toneel verskyn? [1]

1.7 Hoe het die gebruik van **Twitter** daartoe bygedra dat mense se lewens tydens die brande in Australië gered is? Skryf jou antwoord in EEN volsin neer. [1]

1.8 In watter land het **Twitter** sy oorsprong gehad? [1]

1.9 Waarom, dink jy, is **Facebook** se eienaars geïnteresseerd daarin om **Twitter** te koop? Antwoord in 'n volsin en in jou eie woorde. [2]

1.10 Haal SES opeenvolgende woorde uit die teks aan wat bewys dat **Twitte**r se eienaars nie belangstel om die onderneming aan **Facebook** te verkoop nie. [1]

1.11 Verskaf 'n rede in 'n volsin hoekom Suid-Afrikaanse politici nie so baie sukses behaal het in die verkiesing deur gebruik te maak van **Twitter** nie. [1]

1.12 Skryf TWEE bewyse uit die teks neer dat **Twitter** nie net gewild is onder tieners nie. [2]

**/14/**

**VRAAG 2: Brief aan 'n tydskrif**

- Lees die onderstaande brief en beantwoord die vrae.



**Hiert! Wat kyk jy?**

1. Met die onlangse besoek aan die Augrabies- nasionale park is ek vroegoggend deur 'n trop bobbejane wat deur die kamp trek, wakker gemaak. So ver as wat hulle gegaan het, het hulle die vullisdromme – almal bobbejaan-bestand – geplunder.

2. By die chalet langs myne het 'n bobbejaan die drom se deksel opgelig en die skok van sy lewe gekry. Hy het net een blaf gegee, agteroor geslaan en weggehardloop. Toe ek gaan kyk waarvoor hy so geskrik het, sien ek daar 'n blouaap wat uitloer.

3. 'n Australiër het die foto geneem waar hy ewe nonchalant uitklim terwyl ek die deksel oplig. Hy was glad nie haastig om weg te kom nie en het eers 'n ruk lank op die tafel die wêreld sit en bekyk. Binne-in die drom was net 'n leë bierbottel. Dalk was dit die aap se werk? **[Verwerk uit: Weg Februarie 2008]**

2.1 Haal 'n woord uit paragraaf 1 aan wat inligting aan die leser verskaf oor die tyd wanneer die skrywer die park besoek het. [1]

2.2 Hoekom is dit ironies dat die bobbejane juis dié vullisdromme geplunder het? [2]

2.3.1 Verduidelik in jou <u>eie</u> woorde hoe die blouaap oor die situasie gevoel het. [1]

2.3.2 Gee TWEE verskillende aanhalings om jou antwoord in 2.3.1 te motiveer / bewys. [2]

2.4 Wat word met die laaste vraag in paragraaf 3 bedoel? [1]

**/7/**

**VRAAG 3: Leesbegrip – Advertensie**

Lees die onderstaande advertensie en beantwoord die vrae.




3.1 Dink jy dis 'n goeie keuse om die tydskrif wat geadverteer word **Wegbreek** te noem? Motiveer jou antwoord in 'n volsin. [2]

3.2 Wie is hierdie tydskrif se teikenmark? [1]

3.3 Wat is die verband tussen die woord "swerwer" in die woorde van die lied van Koos du Plessis en die produk wat geadverteer word? [1]

3.4 Voltooi: Volgens Koos du Plessis is 'n "swerwer" nie slegs iemand wat __3.4.1__ nie, maar dit kan ook 'n mens wees wat __3.4.2__,'n individu wat daarvan hou om __3.4.3__ te wees en 'n mens wat na iets verlang. [3]

3.5 Die voornemende intekenaars kan van die nuutste tegnologie gebruik maak om op die tydskrif in te teken. Skryf die TWEE maniere waarop hulle dit kan doen onder mekaar neer. [2]

**/9/**

**TOTAAL VIR AFDELING A: 30 PUNTE**

## AFDELING B : OPSOMMING

**VRAAG 4 : Positiewe denke**

- Som die SEWE wenke vir positiewe denke op.
- Skryf jou SEWE sinne puntsgewys onder mekaar neer.
- Skryf in jou eie volsinne.
- Laat 'n reël tussen die sinne oop.
- Jou opsomming mag nie meer as **70 woorde** lank wees nie.
- Dui die getal woorde aan die einde van die opsomming aan.
- Jy sal gepenaliseer word as jy baie meer as **70 woorde** skryf of as jy nie die getal woorde aandui nie.

### Volg hierdie wenke vir positiewe denke

Ons leef in 'n periode van groot onsekerheid. Dis 'n era waarin die wêreld onstuimige ekonomiese tye beleef, waar mense hul werke verloor en dikwels ook hul huise en ander besittings. Die resessie bring bekommernis in vele harte. Mense sê dikwels: "Almal praat baie van jy moet positief wees, maar hoe word 'n mens nou eintlik positief?"

Kyk in jou werksomgewing vir positiewe mense met wie jy kan assosieer. Indien jy nog 'n student is, kom in kontak met positiewe mede-studente. Skakeling met positiewe mense is belangrik om jouself positief gemotiveerd te kry. Kry ook positiewe vriende met wie jy gereeld gedagtes kan uitruil.

Woon 'n praatjie of kursus by wat gerig is op motivering en verryking. Probeer in 'n praatjie net een konsep kry wat vir jou van waarde en betekenis is.

Lees elke maand ten minste een goeie boek oor selfverryking – boeke wat handel oor onderwerpe soos hoe om jou doelwitte te bereik. Daar is talle skitterende boeke op die mark waarin jy idees en gedagtes van die wêreld se beste leermeesters, opvoeders, sakemanne, geestelike leiers en so meer sal vind.

Skryf spesifieke doelwitte neer wat jy wil bereik. Maak vir jou 'n droombord. Wanneer jy rigting vir jou lewe het, verskaf dit 'n positiewe energie en vul jou dae met sinvolle en opbouende aktiwiteite. Wanneer jy egter doelloos voortdryf, tap dit jou energie.

Kry vir jou mentor. Dit kan enigiemand wees by wie jy kan aanklop om raad, met wie jy jou planne kan bespreek, of na wie jy kan gaan met probleme en kwellinge.

Leer om probleme en foute as noodsaaklike trappies te sien in jou lewe om jou doelwitte te bereik. Wanneer jy in vrees vir mislukking leef, begin jy op die negatiewe fokus. Wees ontvanklik vir lesse uit elke fout en hoe dit jou gaan help om jou by jou drome uit te bring.

Leef in dankbaarheid. Sê elke dag dankie vir al die goeie dinge en gawes in jou lewe. Dan sal jy jou lewe in 'n gans ander lig sien. [**Verwerk uit: Die Burger, Junie 2009**]

**TOTAAL VIR AFDELING B: 10 PUNTE**


Kopiereg Voorbehou

## AFDELING C: TAAL

### VRAAG 5: WOORD EN SINSTRUKTURE

- Voltooi die advies aan alleenlopers in die linkerkantse kolom met behulp van die leidrade in die regterkantse kolom. Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte antwoord op jou ANTWOORDBLAD neer.

# Liefdesgids vir Alleenlopers



| | |
|---|---|
| Mense (5.1 wat / wie se) verhoudings pas (5.2 geslaag) het, behoort 'n waarskuwing te dra: "GEVAAR! (5.3 Abnormaal) vrag. | 5.1 Kies die korrekte vorm.<br>5.2 Gee die antoniem<br>5.3 Gee die korrekte vorm van die woord. |
| Moenie in 'n (5.4 warm) verhouding met so iemand betrokke raak nie. Dit is glad nie vreemd om 'n (5.5 iemand wat alleen loop) te wees nie. Soms is dit tot jou (5.6 nadeel) om enkel te wees. Kyk die kat eers goed uit die (5.7 ______)<br>Dis nie goed om 'n verhouding te begin as daar nie 'n (5.8 liefde + band) tussen julle is nie. Tyd is jou vriend,sê 'n kenner. Vervang die (5.9 pyn / puin) in jou hart voordat jy weer met 'n verhouding begin. | 5.4 Gee die intensiewe vorm.<br>5.5 Gee EEN woord.<br><br>5.6 Gee die antoniem.<br>5.7 Voltooi die uitdrukking.<br><br>5.8 Vorm 'n samestelling.<br>5.9 Kies die korrekte woord met die hulp van die woordeboek.<br><br>**pyn[1]. 1**. s.nw. (-e) **1** liggaamlike lyding: *'n Stekende, dowwe , knaende pyn. 'n Pyn in die been, oor die hart, op die maag. Met rooi, gewonde voete en die pyn / van dorings wat Sy hoof in spot omsluit* (W. E . G. Louw. **2** Verdriet , smart, sielelyding: *Sy minagtende woorde het haar pyn gedoen. Bitter pyn verduur. Die pyn van afskeid* 11 ww. (gepyn). Seer gemaak, pynig: *Die tand pyn nog*. **pyn**: ..**gevoel**, …**gewaarwording** |

Kopiereg Voorbehou

| | |
|---|---|
| | **puin. 1**. Stukke bakstene, pleister, klippers, ens. ontstaan deur die afbreek van 'n gebou: *Die karweier moet die puin wegruim. Puin ontruim na 'n lugaanval. Die huis het in puin gestort,* inmekaargestort. 2. Oorblyfsels van vergane bouwerk: ruïne: *Die puin by Zimbabwe.* |
| Huil en treur klaar al stort jy 'n paar (5.10 liter) trane. Ons probeer soms ons teleurstelling in 'n (5.11 glas) wyn te verdrink. | 5.10 Gee 'n afkorting vir die woord.<br><br>5.11 Gee die verkleiningsvorm. |
| Moenie geluk (5.12 by / van / met) enigiemand soek nie. Hou op wonder of elke verhouding op 'n (5.13 troue / trou) gaan uitloop. Geniet bloot die eerste (5.14 afspraak). Daarna is dit (5.15 maklik) om mekaar weer te sien. Hoe lank moet jy wag voor jy dit weer op die liefdesmark waag? Sommige sê vyf tot (5.16 12) maande. Moenie bekommerd wees nie, daar is vir elke (5.17 pot) 'n (5.18 ___) | 5.12 Kies die korrekte voorsetsel.<br><br>5.13 Kies die korrekte woord.<br>5.14 Gee die meervoudsvorm.<br>5.15 Gee die vergrotende trap.<br><br>5.16 Skryf die getal 12 in woorde.<br>5.17 Gee die meervoudsvorm.<br>5.18 Voeg die ontbrekende woord in. |
| Jy verdien net die (5.19 goed). | 5.19 Gee die oortreffende trap. |
| Wag eerder en geniet jou eie (5.20 goed) geselskap. | 5.20 Gee die korrekte vorm van die woord.<br><br>[Verwerk uit Rooi Rose: Januarie 2009] |

**[20]**

Kopiereg Voorbehou 

- Voltooi die sinne in die linkerkantse kolom met behulp van die instruksies in die regterkantse kolom. Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte antwoord op jou ANTWOORDBLAD neer.


# FJAY – OOR OMGEE

| | |
|---|---|
| (5.21. Omgee vir ander mense is die mooiste eienskap wat 'n mens kan hê), sê Franciscus Hugo, oftewel die bluesmusikant Fjay. | 5.21. Skryf in die verlede tyd. (2) |
| (5.22. <u>Ondervinding</u> kom deur baie sweet.) (5.23 Iemand kan dit van jou wegvat). Toe (5.24 Ek het my eerste CD uitgereik. Niks kon my keer nie.) | 5.22 Skryf die stelsin oor as 'n vraag van die antwoord wat onderstreep is. (1)<br>5.23 Skryf in die ontkennende vorm. (2)<br>5.24 Skryf die sin oor deur die twee sinne tuss Gebruik die korrekte punktuasie. (2) |
| (5.25 Hy laai soms liedjies van die internet af), maar verkies om 'n CD in sy hand (5.26 hou). Sy items soos CD's, boeke en kitare is vir hom waardevol en sal onbetaalbaar wees om (5.27 vervang). | 5.25 Skryf in die toekomende tyd. (1)<br>5.26 Skryf in die infinitief. (1)<br>5.27 Skryf in die infinitief. (1) |
| "Lees hou my skerp. Dis kennis. Hy sê ook (5.28 "Ons het 'n kamer vol boeke").<br>(5.29 Hy het van kleinsaf boeke verslind.) Hy het (5.30 in sy bed / elke aand / met 'n flitslig) gelê en lees. | 5.28. Skryf in die indirekte rede. (2)<br>5.29 Skryf in die lydende vorm. (2)<br>5.30 Gee die korrekte woordorde. (1) |
| Fjay voel vrede is (5.31 'n moeilike ding om te verstaan en te behaal.) | 5.31 Skryf in die ontkennende vorm. (2)<br><br>***Verwerk uit Vrouekeur 17 Oktober 2008*** |

**[16]**

**VRAAG 6: KRITIESE TAALBEWUSTHEID - SPOTPRENT**

- Lees die onderstaande spotprent en beantwoord die vrae.




"Ja, nee Nols is nou al by sy derde glasie – ek is seker netnou loop hy weer twee rye spore. Hy sien glad nie eers my nuwe rok raak nie, ek kon maar met Jan tuisbly se karretjie gery het."

6.1 Wat beteken die uitdrukking "hy loop twee rye spore"? [1]

6.2 Watter stereotipering dui die dialoog van die spotprent aan ten opsigte van mans en vrouens se idee van 'n partytjie? [2]

6.3 Kies die korrekte antwoord:
Wat bedoel Nols se vrou met die woorde " Jan tuisbly se karretjie gery"?

(a)Sy ry met die motor van Jan tuisbly na die funksie , want Nols is te besig met sy vriend

(b)Sy kon maar net sowel by die huis / tuis gebly het , want Nols sien haar nie raak nie.

(c)Sy moes liewer saam met Jan tuisbly na die funksie gery het en nie saam met Nols nie. [1]

**[4]**

**TOTAAL AFDELING C : /40/**

**/30 + 10 + 40 = 80/**